



Suite 151, Private Bag X3041, Paarl 7620
Office: Simonsvlei Winery & Business Hub,
Old Paarl Rd, (R101), Paarl 7646
Tel: 021 863 1599
E-mail: admin@terroirwineawards.co.za
www.terroirwineawards.co.za

2025 SA TERROIR WINE AWARDS | TOEKENNINGS

Agtergrond

Die Terroir Wyntoekennings bekroon die beste wyne wat deur verskillende grond- en klimaatsfaktore in verskillende gebiede na vore gebring word. Slegs wyne wat gesertifiseer is as Wyn van Oorsprong (WO) van 'n Enkelwingerd, Landgoed, Wyk of Distrik (lg nie verdeel in meer as een wyk nie) mag ingeskryf word. Dit is een van die mees eksklusiewe wynkompetisies ter wêreld weens die Wyn van Oorsprong-reëls wat daarmee toegepas word.

Hierdie kompetisie wat deur Marius Labuschagne, 'n gesoute wynjoernalis, tot stand gebring is, word onder die vaandel van die SA Nasionale Wynskouvereniging (SANWSV) aangebied wat ook verantwoordelik is vir die SA Jongwynskou en Veritas Toekennings.

Die organiseerders van die SA Terroir Wyntoekennings kondig met trots aan dat 'n nuwe Trofee van hierdie jaar af by die kompetisie gevoeg word om die 20ste bestaansjaar van die kompetisie te vier. Die Trofee sal aan die beste wyn van die inskrywings in die kategorie vir Old Vines toegeken word. Alle inskrywings vir Old Vine wyne moet steeds aan die algemene reëls vir die SA Terroir kompetisie voldoen. (Sien bladsy 2 – Toekennings - hieronder.)

Rosa Kruger van OVP het so kommentaar gelewer oor die Old Vine trofee. "Die Old Vine Projek is uiters verheug om met 'n trofee by die SA Terroir Wyntoekennings vereer te word. Dit erken ons verbintenis tot die land se wingerd-erfenis en die ewige strewe na die beste wyne. Ons dank die organiseerders vir insluiting by hierdie wonderlike kompetisie."

Die Kaapse wynland spog met vele terreine wat topgehalte wyne van alle kultivars en style oplewer en met die WO-stelsel is dit moontlik om slegs die wyne wat waarlik spesifieke grond en klimaat verteenwoordig, te beoordeel. Dit is jaarliks insiggewend om te sien watter terrein die beste wyn van watter kultivar oplewer. Sonder die Wyn- en Spiritusraad en SA Wynbedryf-Inligting & -Stelsels (SAWIS) sou hierdie kompetisie nie kon bestaan nie en daarom is dit 'n integrale deel van SA se wynbedryf.

Background

The Terroir Wine Awards award the finest wines highlighted by various soil and climatic factors in different areas. Only wines certified as Wine of Origin (WO) of a Single Vineyard, Estate, Ward or District (last mentioned not divided into more than one ward) may be entered. It is one of the most exclusive wine competitions in the world due to the Wine of Origin rules applied to it.

This competition, established by Marius Labuschagne, a well known wine journalist, will be presented under the auspices of the SA National Wine Show Association (SANWSA) who is also responsible for the SA Young Wine Show and Veritas Awards.

The organisers of the SA Terroir Wine Awards are proud to announce that a new Trophy will be added to the competition from this year to mark the 20th anniversary of the competition. The Trophy will be awarded to the best wine of the entries in the category for Old Vines. All entries for Old Vines must still comply with general rules of the SA Terroir competition. (See page 2 – Awards - below)

Rosa Kruger from the OVP commented as follows on the Old Vine Trophy. "The Old Vine Project of South Africa is extremely happy to be honoured with a Trophy at the SA Terroir Wine Awards. This shows the commitment to our vine heritage and the eternal search for the very best wines. We thank the organisers for including this project in this wonderful competition."

The Cape Winelands boasts many sites that produce top quality wines of all cultivars and styles and with the WO system it is possible to judge only wines that truly represent specific soil and climate. It is informative every year to see which terrain produces the best wine from any cultivar. Without the Wine and Spirit Board and SA Wine Industry Information & Systems (SAWIS) this competition could not exist and therefore it is an integral part of SA's wine industry.

Met trots geborg deur | Proudly sponsored by



BELANGRIKE DATUMS / IMPORTANT DATES

Sluitingsdatum vir inskrywings | Closing date for entries

4 Junie/June 2025 @ 12:00

Sluitingsdatum vir laat inskrywings | Closing date for late entries

13 Junie/June 2025 @ 12:00

Aflewering van monsters | Delivery of samples

12 & 13 Junie/June 2025

Datum vir betaling van fooie | Date for payment of entry fees

20 Junie/June 2025

Beoordeling | Judging

25 - 27 Junie/June 2025

Bekendstellingsfunksie | Awards function

13 Augustus/August 2025

TOEKENNINGS

Die Nasionale Weners van Terroir Wyntoekennings sal by die toekenningsfunksie met sertifikate vereer word.

- Die weners van areas sal in die amptelike uitslae-dokumentasie aangekondig word en sertifikate is beskikbaar op bestelling
- Bottel-seëls is ook op bestelling beskikbaar aan nasionale weners asook die distrik/wyk-wenens

Die volgende trofee word toegeken nl.

- Top Wyn van die Kompetisie
- Top Wyn Landgoed
- Top Wyn-Area
- Top Produsent
- Top Enkelwingerdwyn
- Top Ou Wingerdwyn

Die beste wyn in die onderstaande klasse word as Nasionale Weners SA Wynstreek aangewys naamlik: Chardonnay, Chenin Blanc, Sauvignon Blanc, Wit Versnit, Rosé, Vonkelwyn, Natuurlike Soetwyn (Edellaatoes, Spesiale Laatoes en Natuurlike Soet), Cabernet Sauvignon, Merlot, Pinotage, Shiraz, Rooi Versnit, Certified Heritage Vineyard' wyne (OVP), Kaapse styl, Gefortifiseerde Muskaat,

Indien selfs net een inskrywing van uitsonderlike gehalte is, sal die top wyne van kultivars soos Colombar, Viognier, Riesling, Sémillon, Petit Verdot, Pinot Noir, Cabernet Franc, Zinfandel, Malbec, Straw Wine, Gefortifiseerde Nie-muskaat, ens. ook aangewys word.

A INSKRYWINGSDOKUMENTE EN FOOIE

- 1 Inskrywingsvorme moet volledig ingevul word. SA Terroir toekennings aanvaar geen verantwoordelikheid vir foutiewe inskrywings, verpakking of die merk van kartonne nie en sulke inskrywings sal gediskwalifiseer word.
 - 1.1 Voltooid inskrywingsvorme sal slegs aanvaar word indien die nodige dokumente (sien punt 1.2) die inskrywingsvorm vergesel.
 - 1.2 Die volgende dokumente moet aangeheg word:
 - WSR2A en WSR4A sertifikate met seëlkode-reeks. Die betrokke klasnommer moet op die WSR2A en WSR4A sertifikate aangebring word
 - Ontledings sertifikaat indien nie reeds op die WSR2A ingesluit is nie
 - 1.3 Inskrywingsvorme en WSR2A sertifikate moet ons teen die sluitingsdatums van inskrywings bereik. **Indien die WSR4A sertifikate nie teen sluitingsdatum beskikbaar is nie, moet dit nie later as 23 Junie 2025 deurgestuur word nie.**
Epos: entries@terroirwineawards.co.za
 - 1.4 **Slegs wyne gesertifiseer as Wyn van Oorsprong (WO) enkelwingerd, landgoed, wyk en distrik wat nie in meer as een wyk verdeel is nie, mag ingeskryf word.** (187 ml, 250 ml, 375 ml, 500 ml, 750 ml, 1000 ml, 1500 ml, 3000 ml, 4500 ml, 5000 ml, 6000 ml en 9000 ml).

2 INSKRYWINGSFOOIE

- 2.1 **Inskrywings teen 4 Junie 2025:**
R880.00 + BTW per inskrywing
Laat inskrywings na 13 Junie 2025 en teen 21 Junie 2025:
R990.00 + R BTW per inskrywing
- 2.2 **Betaling van inskrywings moet teen 20 Junie 2025 deur SANWSV ontvang word. Inskrywings waarvoor betaling nie ontvang is nie, sal gediskwalifiseer word.**

AWARDS

The National Winners of Terroir Wine Awards will be honoured with certificates at the awards function.

- The winners of areas will be announced in the official results documentation and certificates are available on order
- Bottle emblems are also available to national winners as well as the district / ward winners

The following trophies are awarded viz.

- Top Wine of the Competition
- Top Wine Estate
- Top Wine Area
- Top Producer
- Top Single Vineyard Wine
- Top Old Vineyard wine

The best wine in the classes below is named National Winners SA Wine Region namely: Chardonnay, Chenin Blanc, Sauvignon Blanc, White Blend, Rosé, Sparkling Wine, Natural Sweet Wine (Noble Late Harvest, Special Late Harvest and Natural Sweet), Cabernet Sauvignon, Merlot, Pinotage, Shiraz, Red Blend, 'Certified Heritage Vineyard' wines (OVP), Cape Style, Fortified Muscat,

If even one entry is of exceptional quality, the top wines of cultivars such as Colombar, Viognier, Riesling, Sémillon, Petit Verdot, Pinot Noir, Cabernet Franc, Zinfandel, Malbec, Straw Wine, Fortified Non-musk etc. will also be designated.

A ENTRY DOCUMENTS AND FEES

- 1 Entry forms must be completed in full. SA Terroir awards will bear no responsibility for incorrect entries, packaging of samples or the labelling of cases and these entries will be disqualified.
 - 1.1 Entries will only be accepted if the necessary documents (see point 1.2) accompanies the entry.
 - 1.2 The following documents must be attached:
 - WSR2A and WSR4A documents with seal code. The appropriate class number must be indicated on the WSR2A and WSR4A where applicable
 - Certificate with analysis if it is not included on the WSR2A form
 - 1.3 Entry forms and the WSR2A certificates should reach us by the closing date of entries. **If WSR4A certificates are not available by the closing date, it must be send to us not later than 23 June 2025.**
Email: entries@terroirwineawards.co.za
 - 1.4 **Only wines certified as Wine of Origin (WO) single vineyard, estate, ward and district not divided into more than one ward may be entered.** (187 ml, 250 ml, 375 ml, 500 ml, 750 ml, 1000 ml, 1500 ml, 3000 ml, 4500 ml, 5000 ml, 6000 ml en 9000 ml).

2 ENTRY FEES

- 2.1 **Entries by 4 June 2025:**
R880.00 + VAT per entry
Late entries after 13 June 2025 and by 21 June 2025:
R990.00 + VAT per entry
- 2.2 **SANWSA should receive payment for entries by 20 June 2025. Entries for which no payment has been made will be disqualified.**

- 2.3 Inskrywingsfooie word nie terugbetaal indien 'n wyn onttrek of gediskwalifiseer word na 20 Junie 2025 nie.
- 2.4 Inskrywingsfooie is betaalbaar aan SANWSV. ('n Belasting-faktuur sal voorsien word sodra inskrywing goedgekeur is).

B VOLUME VEREISTES

'n Minimum van slegs 180 liter (240 bottels) per spesifieke bottelgrootte waarna hierbo verwys is, van die wyn wat ingeskryf is, moet op die sluitingsdatum van die inskrywings gebottel en voorlopig of finaal gesertifiseer wees.

Alle wyne moet voor die lewering van die monsters vir beoordeling finaal gesertifiseer wees.

- 1 Slegs wyne gesertifiseer as Wyn van Oorsprong enkelwingerd, landgoed, wyk en distrik wat nie in meer as een wyk verdeel is nie, mag ingeskryf word. Die volgende hoeveelhede glasbottels per inskrywing word benodig vir beoordeling:
- 3 bot:** 750/1000 ml
6 bot: 187/250/375/500 ml
2 bot: 1500 ml (magnum), 2000 ml, 3000 ml (jerobeam), 4500 ml (rehobeam), 5000ml, 6000 ml (metusalem) en 9000 ml (salmanazar)
- 1.1 Lewering Van Monsters
 Monsters moet by **Veritas-stoor, Simonsvlei Winery & Business Hub, Old Paarl Rd, (R101), Paarl 7646** afgelewer word en sal slegs **tussen 09:00 en 16:00 op Donderdag 12 en Vrydag 13 Junie 2025 ontvang word. Sien aangeheg inligting in die verband.**
- 1.2 Elke klas se monsters moet apart verpak word.
- 1.3 Alle Nasionale Wenners moet 18 Bottels beskikbaar stel vir die bekendstellingsfunksie en borge.

C REËLS EN REGULASIES EN BEOORDELING PROSEDURES

- Slegs een inskrywing van dieselfde wyn onder dieselfde etiket ten opsigte van oesjaar en/of kultivar en/of oorsprong waar van toepassing, mag gemaak word.
- 2 Indien daar tydens beoordeling by 2 bottels per inskrywing kurk/muf of ander foute voorkom, sal die inskrywing gediskwalifiseer word.
- 3 Die SANWSV behou homself die reg voor om enige wyne wat vir die Terroir toekennings ingeskryf word, te mag kontroleer.
- 3.1 Inskrywings wat aan sekere ontledingsvereistes moet voldoen, sal deur 'n laboratorium deur die SANWSV aangewys, vir sodanige vereistes ontleed word en die uitslag van dié laboratorium sal as finaal beskou word.
- 4 Die Raad sal, in sy diskresie, die beoordelaarspaneel aanstel om die toekennings te maak. Die beoordelaars se beslissing is finaal en bindend op die deelnemer en geen korrespondensie sal gevoer word nie.
- 5 Beoordeling vind in 2 fases plaas. Gedurende die eerste rondte word die 100 punt-proekaart gebruik. Nasionale Wenners word dan deur rangorde punttoekenning bepaal.

D TERROIR SEËLS

- 1 TERROIR seëls sal vir die rekening van deelnemer beskikbaar gestel word teen:
- Nasionale wenners: R480.00/1000 (BTW uitgesluit)
 Area wenners: R375.00/1000 (BTW uitgesluit)
- Seëls moet op die amptelike bestelvorm bestel word en kan binne 3 dae na ontvangs van bestelling afgehaal word
 - Seëls kan slegs afgehaal word met bewys van betaling

- 2.3 Entry fees are not refunded if a wine is withdrawn or disqualified after 20 June 2025.
- 2.4 Entry fee is payable to SANWSA. (A Vat invoice will be issued on approval of entry).

B VOLUME REQUIREMENTS

A minimum of only 180 liters (240 bottles) per specific bottle size referred to above, of the wine entered, must be bottled and provisionally or finally certified at the closing date of the entries.

All wines must be finally certified before delivery of the samples.

- 1 Only wines certified as Wine of Origin single vineyard, estate, ward and district not divided into more than one ward may be entered. The following quantities of glass bottles per entry are required for judging:
- 3 bot:** 750/1000 ml
6 bot: 187/250/375/500 ml
2 bot: 1500 ml (magnum), 2000 ml, 3000 ml (jeroboam), 4500 ml (rehoboam), 5000ml, 6000 ml (methuselah) and 9000 ml (salmanazar)
- 1.1 Delivery of Samples
 Samples must be delivered to **Veritas-stoor, Simonsvlei Winery & Business Hub, Old Paarl Rd, (R101), Paarl 7646** and will only be received between **09:00 and 16:00 on Thursday 12 and Friday 13 June 2025. See information attached in this regard.**
- 1.2 Each class's samples must be packed separately.
- 1.3 All National Winners must make 18 Bottles for the awards function and sponsors.

C RULES AND REGULATIONS AND JUDGING PROCEDURES

- 1 Only one entry of the same wine under the same label in respect of vintage and / or cultivar and / or origin where applicable may be made.
- 2 If it is found during judging that 2 bottles per entry occur cork/mold or other errors, the entry will be disqualified.
- 3 The SANWS reserves the right to check any wines entered for the Terroir Awards.
- 3.1 Entries that must meet certain analytical requirements will be analysed by a SANWSA designated laboratory, for such requirements and the results of that laboratory will be considered final.
- 4 The Board will, at its discretion, appoint the adjudicator panel to judge the awards. The judges' decision is final and binding on the participant and no correspondence will be entered into.
- 5 Judging takes place in 2 phases. In the first round the 100-point tasting sheet will be used. National winners are then determined by ranking of points.

D TERROIR EMBLEMS

- 1 TERROIR emblems will be made available for the account of exhibitors at:
- Nasional winners: R480.00/1000 (BTW uitgesluit)
 District winners: R375.00/1000 (BTW uitgesluit)
- Emblems may be ordered on the official order form and will be available for collection within 3 days after receipt of order.
 - These emblems may only be collected on proof of payment.

- 2 Vergelykende Proe
Indien deelnemers op die sluitingsdatum waarna in die prosedures verwys word, beskik oor **bulkwyn of ongeetiketteerde gebottelde** voorraad van dieselfde wynmengsel, kan om 'n vergelykende proe aansoek gedoen word om addisionele seëls te verkry vir gebruik onder dieselfde etiket as waarvoor die oorspronklike Terroir toekenning verwerf is.
- In die geval van wyn moet dit dieselfde oorspronklike WSR2A as die gebottelde voorraad van 'n spesifieke bottelingslot wat ingeskryf was, wees en waarvoor Terroir medaljes verower is.
Die volgende prosedures is egter van toepassing:
- 2.1 Slegs wyn wat met die oorspronklike inskrywing reeds oor 'n WSR2A sertifikaat beskik en aan die volgende vereistes voldoen:
- Die monster wat vir die voorlegging van WSR2A sertifikaat aan Wyn – & Spiritusraad voorgelê is wel verteenwoordigend van alle betrokke tenke getrek is
 - Die voorlegging wel voorlopig (nie administratief) gedoen is, dus met volle ontledings
 - Die balans van die bulkwyn oorspronklik uit een tenk is, en afgepomp is na verskillende tenke
 - Alle tenke ter sprake moet vermeld wees op die oorspronklike WSR2A sertifikaat soos met aansoek
- 2.2 'n Aansoek om 'n vergelykende proe van die bulkwyn voorraad van die oorspronklike medaljewenner met die voorraad waarvoor aansoek gedoen word, moet op die voorgeskrewe vorm by die SANWSV kantoor ingehandig word, waarna dit bevestig sal word of die aansoek suksesvol was. Aansoeke vir 'n vergelykende proe kan tot einde Junie van die volgende jaar (voor die aanvang van die volgende Terroir beoordeling) ingedien word.
- 2.3 Dit is die SANWSV kantoor se verantwoordelikheid om te reël dat SAWIS inspekteurs die betrokke voorraad waarvoor aansoek gedoen word kontroleer, asook om 2 bottels van die wyn wat reeds 'n Terroir toekenning verower het en die voorraad waarvoor om addisionele seëls aansoek gedoen word, te voorsien.
- 2.4 Die vergelykende proe sal onder die toesig van die Voorsitter van die Tegnieese Komitee geskied.
- 2.5 Die vergelykende proe sal uitgevoer word deur die betrokke paneel wat vir die oorspronklike toekenning verantwoordelik was, of 'n alternatiewe geskikte paneel, op 'n geskikte wyse wat gebruik word om ooreenkomste of verskille tussen wyne te bepaal. Die meerderheidsbesluit van die paneel sal as die paneelbeslissing aanvaar word.
(*'n Bottelingslot van 'n spesifieke wynmengsel word gedefinieer as die wyn wat gebottel is tydens 'n aaneenlopende bottelingskif wat met normale nag-onderbrekings aaneenlopend oor opeenvolgende dae kan geskied*)

E KLASSE– SIEN LYS AANGEHEG

F AREAS – SIEN LYS AANGEHEG VAN DISTRIKTE EN WYKE

- 2 Comparative tasting
If, at the closing date as mentioned in the procedures, exhibitors have **bulk wine stock or unlabelled, bottled stock** of the same wine blend or brandy, they may request a comparative tasting to obtain additional stickers for use under the same label which received the original Terroir award.
- In the case of wine, it must be of the same original WSR2A as the bottled stock of a specific bottling lot that was entered and which received Terroir awards
- However, the following conditions apply:
- 2.1 Only wine that already had a WSR2A certificate with the original entry and comply to the following requirements:
- The sample that was submitted for a WSR2A certificate to the Wine and Spirit Board, represent all the appropriate tanks
 - The application must be provisional (and not administrative), therefore should have full chemical analysis
 - The balance of the bulk wine should be of one tank where after it could be pumped to different tanks
 - All the appropriate tanks should be named on the original WSR2A certificate at application
- 2.2 The application for the comparative tasting of the bulk wine stock of the original medal winner and the remaining stock for which the tasting is required, must reach the SANWSA office on the prescribed form. The SANWSA office will confirm whether the request was successful. Requests for a comparative tasting can be handed in before June of the following year (before the next Terroir tasting).
- 2.3 It is the Veritas office's responsibility to arrange for SAWIS inspectors to check the relevant stock, as well as to provide 2 bottles each respectively of the wine that was rewarded a Terroir award and the stock for which the additional stickers are required.
- 2.4 The comparative tasting will take place under the supervision of the Chairman of the Veritas Technical Committee.
- 2.5 The comparative tasting will be done by the relevant panel responsible for the original award, or an alternative appropriate panel, in a suitable way used to determine similarity or difference between wines. The majority vote will be accepted as the panel's decision.
(*A bottled lot of a specific wine / blend is defined as wine that is bottled during a continuous bottling shift which, with normal nightly interruptions, can take place over consecutive days.*)

E CLASSES– SEE ATTACHED LIST

F AREAS – SEE ATTACHED LIST OF DISTRICTS AND WARDS

A W A R D S

Office & Store Address

Simonsvlei Winery & Business Hub
Old Paarl Road (R101)
Paarl

